# Die Olyftak



Olive CRESCENT Aftreeoord Retirement Village

*Gesprekke en nuusberigte op ons eie tuisgrond*

h/v Leanderweg & Olivelaan
Olympus, Pretoria, 0081
Tel: (012) 809 2377 / Sel: 083 381 3475

***New Series* – Vol. 1 Nr. 3** **HERFS / *FALL* 2026**

***From the Editorial team****: With this edition of our newsletter the Olive Crescent family can look back on a particularly busy and eventful beginning of 2026. We celebrated the month of love with a Valentine's* braai*. It was so popular among residents that it was impossible to gather at a single venue. Three separate groups spent the afternoon around the glowing charcoal fires, but all were unanimous in their appreciation and support of the idea that we should have more such social gatherings.*

*February also marked the 16th anniversary of our village, which we celebrated by way of a big get-together in the common dining hall. Despite the rainy weather forecast, it turned out to be a bright warm day, and we could walk out to our newly inaugurated common garden, where a ceremonial rose shrub was planted. This was the first, to be followed in future by the annual ceremonial planting of another symbolic rose.*



*Two old sayings – 'every picture tells a story' and 'a picture is as good as a thousand words' – will guide the presentation in this edition: not too many words, but pictures that vividly tell the story of how life in Olive Crescent is celebrated.*

**Voorsittersbrief**: Geagte mede-inwoners,

ek is verheug om aan te kondig dat ek verkies is as nuwe Voorsitter van Olive Crescent Aftreeoord en as 'n lid van die Raad van Trustees! Ek sal ook die Tegniese portefeulje bestuur, met die fokus op die instandhouding van ons pragtige oord.

Graag wil ek ook van die geleentheid gebruik maak om die vorige voorsitter, Jan Schuurman, te bedank vir sy lojaliteit en samewerking.

Dankie vir julle vertroue in my. Ek sien uit daarna om saam met julle almal te werk om Olive Crescent 'n nog beter plek te maak om te woon.

Beste groete **Louis Wolmarans**





## Finansies

| Olive Crescent - Bedryfsresultate | (R 000) | | Jan-26 |
|---|---|---|---|
| | **9 Mnde** | **Afwyking** | **Begroot** |
| Dienssentrum SKD | 62 | 14 | 76 |
| Omgewingsake SKO | 450 | 18 | 467 |
| Sekuriteit SKS | 347 | -1 | 346 |
| Tegnies SKT | 295 | -20 | 275 |
| Korporatief | 1 022 | -15 | 1 007 |
| Inwonersake | (4) | -17 | (21) |
| Reserwefonds | (54) | 30 | (23) |
| | 2 118 | 9 | 2 127 |
| Heffing | (2 140) | 0 | (2 140) |
| | (22) | 9 | (13) |

Begrotings is tans in voorbereiding vir die Begrotingsvergadering – Donderdag 26 Maart 2026.

## OORDSTATISTIEK — VILLAGE STATISTICS

Nuwe intrekkers: Denise Kleinhentz (#3) – eienaar – trek Maart in;

Daan en Sarie Kruger (#28) – huurders – trek derde week van Maart in;

Joyce Swart (#70) – eienaar – trek April in.

Welkom in ons Oord, julle!

Onthou, huurders is net soos eienaars deel van die Olive Crescent-familie.
Ons sien uit daarna dat julle inskakel en hier 'n ware tuiste vind.

Eenhede te koop: 3 (#1, #5, #79) Eenhede verkoop: 2 (#3, #70)

Eenhede te huur: 0

Lentehof – bedokkupasie: 10





## TEGNIES – SKT

Ons is reeds in die eerste kwartaal van 2026 en daar was al heelwat probleme van tegniese aard wat hanteer moes word. Die volgende het in die afgelope paar maande ons aandag geverg:

Eerstens moes daar 'n nuwe oond aangekoop en geïnstalleer word in die kombuis. Vir dié noodsaaklike maar groot uitgawe is – soos die bestuursreëls vereis – toestemming van al die lede verkry tydens 'n Spesiale Algemene Vergadering.

'n Nuwe waaier is in die eetsaal geïnstalleer.

Voëltjiedraad is aangebring op die stoepe van woonstelblokke A en B om te voorkom dat wilde voëls nes maak onder die dakke.

Herstelwerk was nodig weens wateroorstroming by Ted se huis. 'n Waterlekkasie by die hoofhek is ook herstel.

'n Baie hewige donderstorm een nag het ons almal nie net laat wakker skrik nie, maar het wydverspreide skade aangerig. Ons noodkragbron moes herstel word ná weerligskade. Die hoof kragkabel van Blok A moes herstel word weens die weerligskade; so ook die spuitfontein in die gemeenskaplike tuin naby die hoofhek.

Blok A se hysbak is herstel. Televisieskottels van Blok A is ook herstel ná weerligskade.

Ons is tans nog besig met die weerligskade by eenheid 33.

Dankie aan al die inwoners vir julle geduld en vriendelikheid met die uitvoering van instandhoudingswerk asook herstelwerk, wat mos maar deel uitmaak van die daaglikse "probleempies" wat opduik.



Groete

**Louis Wolmarans**

## SEKURITEIT – SKS

Die afgelope paar maande was besonder uitdagend as gevolg van voortdurende kragonderbrekings en selfs waterafsluitings. Die elektriese heining het onklaar geraak deurdat drade aan ons bure se kant gebreek het. Hulle het egter vinnig aan ons versoek voldoen om dit te herstel en ons kon weer gerus wees.

Die onlangse swaar weer het egter die sekuriteitskantoortjie getref, met die gevolg dat die kragtoevoer onderbreek is en noodseine nie daar opgetel kon word nie. Die noodseine by Lentehof is egter nie beskadig nie en funksioneer normaal.

Sekere elektronika is ook beskadig, maar dit sal reggestel word sodra terugvoering vanaf die versekeraars ontvang is.





**Chris Welgens**

## DIENSTESENTRUM – SKD

### Lentehof: Dankbaarheid en Groei

Lentehof wil graag ons opregte dankbaarheid uitspreek teenoor die inwoners van Olive Crescent vir volgehoue ondersteuning en vertroue. Dit is vir ons ’n voorreg om deel te wees van die gemeenskap en om diens te lewer waar dit die meeste saak maak.




Die terugvoer en statistiek wat ons ontvang, bevestig dat inwoners welkom, veilig en versorg voel by Lentehof – hetsy in ons sorg-eenheid of deur ons tuisversorgingsdienste. Hierdie vertroue is vir ons van onskatbare waarde en motiveer ons span om daagliks met deernis, professionaliteit en toewyding te werk.

Ons is ook dankbaar om te kan deel dat Lentehof steeds mooi groei. Met die oog op die toekoms word verdere opgraderings en opleiding vir 2026 beplan om ons fasiliteite en dienste nog verder te verbeter.

’n Spesiale voordeel vir ons inwoners is die sonkragstelsel wat reeds ’n groot verskil maak. Dit bring gerief en gemoedsrus om te weet dat ons sorgdienste ononderbroke kan voortgaan, selfs tydens kragonderbrekings.

Dankie dat u Lentehof vertrou om saam die pad te stap. Ons sien uit daarna om almal ook in die toekoms met dieselfde omgee en uitnemendheid te bedien.

– **Die Lentehof-span** (**Sr. Maricel Potgieter**)



### Spysenieringsdiens:

Die dienstesentrum is eintlik die hart van Olive Crescent. Hier vergader ons, kies ons trustees, beplan ons hoe, waar en wanneer ons wat wil doen. Dis ook hier waar ons aansit vir etes, of etes kom haal om weg te neem huis toe. Hier word van tyd tot tyd damesklere uitgestal vir die dames om aan te pas, en te besluit …? …? …!! Manne-ontbyt word gereeld hier gehou, en dan word die hele wêreld se probleme gewoonlik aangespreek en opgelos!

Ons het nou al ’n uitgebreide boekery. Nuwe rakke moes onlangs aangebring word om die groeiende aantal boeke te kan hanteer.

Weekliks speel inwoners rummikup of gooi veerpyltjies. Maandagoggende is dit die breibende wat kom sit en een kombers of beertjie ná die ander brei. Die meeste van die eindprodukte gaan vir liefdadigheid. Daar is ernstige sake ook, soos om nuwe intrekkers te assesseer en welkom te heet.



Ons klavier kort ’n goeie nasien en moet gestem word; dan sal al die sluimerende Mozarts en Gé Korstens ook weer na vore kom. Nuwe ferm kussings en planke is onder die drie rusbanke aangebring sodat ons ou siele weer kan opstaan wanneer ons klaar gekuier het.

Hier is almal altyd welkom, want dit is ons plek.

Groete **Lorraine van Rooyen**

## OMGEWINGSAKE – SKO

Oor die afgelope paar maande is daar nie net aan die gemeenskaplike tuin langs eenheid 44 gewerk nie, maar ook aan die ander tuine – veral die een net binne die hoofhek.



Die Jomo-werkers verdien beslis 'n pluimpie vir hul harde werk.





Só glimlag die manne ná 'n goeie dag se werk.



Groete aan u almal

**Coert Grobbelaar**

## LOVE & LOSS — LIEF & LEED



***In memoriam***


*Maritha Storey (# 56) died on the 4th of March.*
*We hereby express our condolences to her children, relatives, and friends.*

**Hartlike gelukwense aan inwoners wat in Maart verjaar –**

Atilla Jacobs – # 36 (03/03)
Helene Schuurman – # 20 (10/03)
Ronnie Stanton – # 1 (18/03)
Aggie Calitz-Jordaan – # 67 (24/03)

**… inwoners wat in April verjaar –**

Karin Korf – # 57 (03/04)
Almerie Wolmarans – # 81 (08/04)
Ellaine Cater – # 18 (11/04)
Sophie van Wyngaard – # 78 (12/04)
Martie Kritzinger – # 35 (29/04)




**… en inwoners wat in Mei verjaar –**

Ann Cloete – #24 (01/05)
Clarisse de Clerq – Reef (04/05)
Rina Range – #59 (07/05)
Denice Dekker – #53 (10/05)
Jan du Preez – # 15 (11/05)
Annemarie Stilwell – #44 (12/05)
Marie Griessel – #31 (12/05)
Maryn van Staden – #48 (14/05)
Stuart Fee – #65 (19/05)
Ann Delport – #41 (25/05)
Fanie Lombard – # 60 (25/05)
Suzette Rossouw – #45 (26/05)



## OLIVE CRESCENT BIBLIOTEEK SE ONTWIKKELING EN NALATENSKAP

Aangesien ons Oord 16 jaar oud is, het ek dit goed gedink om, onder Inwonersake, hulde te bring aan mense wat baanbrekerswerk gedoen het en sodoende ’n mooi nalatenskap vir ons Oord se inwoners verseker het. Daar is altyd die vrywilliger wat eerste toetree tot ’n projek of saak – persone wat ’n verskil maak.

Van die eerste intrekkers woon nog hier en ek het by hulle gaan inligting inwin.*

Die eerste inwoners het in 2010 ingetrek en in 2011 het 14 inwoners hulself al hier gevestig. Biblioteekfasiliteite is in die nuwe sitkamer ingerig en aangesien die inwoners soveel storieboeke en ander leesstof geskenk het, het Rika Schuurman haarself bereid verklaar om die rakke vol boeke te pak. Dit was ’n groot werk, want die Afrikaanse boeke moes van die Engelse boeke geskei word en die boeke moes in alfabetiese volgorde kom. Later is die boeke volgens verskillende genres gerangskik. Jan onthou dat hy menige dae vir Rika plat op die vloer aangetref het, besig om die boeke uit te sorteer.



Met die koms van nuwe intrekkers het die boeke so vermeerder dat duplikate verwyder is, asook boeke met kleindruk, om sodoende meer rakspasie te kry.



Nadat Rika oorlede is, het Marius Minnaar oorgeneem en toe hy sterf, het Anton en Elsie van Wyk die taak vir ’n rukkie oorgeneem. Anton is onlangs oorlede. Toe Brian Pierce (ook al oorlede) nog rakke ingesit het, het Pieter en Ann Delport gehelp om die boeke te skuif en toe die van Wyks sien dat hulle dit so geniet, is hulle gevra om oor te neem. Pieter en Ann Delport het in 2020 oorgeneem en doen hierdie liefdestaak tot nou toe selfloos. Inwoners benut die Biblioteek optimaal en onlangs is nog rakke bygevoeg.



Pieter vertel dat daar aanvanklik ’n uitteken- en intekenboek aangehou is. Dit het later nie meer gewerk nie. Daar is vier sulke boeke in die Biblioteek vir inwoners om te besigtig – interessant om die name te sien, asook die tipe boeke wat graag gelees word. Pieter vertel dat hy dit só geniet dat dit nie vir hom na veel moeite of werk voel nie.

Ons kan net sê: baie dankie!



**Gezina Lombard**

* Inligting verkry van Jan Schuurman, Elsie van Wyk, en Pieter en Ann Delport

## DAGBOEK & SAMESYN — *DIARY & SOCIAL EVENTS*




| GELEENTHEID | WANNEER / WAAR |
|---|---|
| MANNE-ONTBYT | 1ste WOENSDAGOGGEND van ELKE MAAND 08:30 |
| VROUE-ONTBYT | SOOS per AANKONDIGING |
| HANDWERK-samekoms | WEEKLIKS MAANDAE 10:00 in die BIBLIOTEEK |
| WATER-*AEROBICS* | WEEKLIKS DINSDAE 08:00 en VRYDAE 08:00 |
| OEFENKLAS | WEEKLIKS MAANDAE 09:00 en DINSDAE 09:00 |
| DAMESKRING | SOOS per AANKONDIGING |
| RUMMIKUB | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| VEERPYLTJIES | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| BYBELSTUDIE | 1ste DONDERDAG van ELKE MAAND 10:00 |
| | In die SITKAMER / BIBLIOTEEK van die OORD |





In ons Oord was hierdie Februarie 'n uitsonderlike feesmaand. Ons het die "maand van liefde" gevier met 'n Valentynsbraai waarheen al ons inwoners genooi was – en die opkoms en deelname het alle verwagtinge oortref. Olive Crescent se sestiende verjaardag het vir nog 'n feestelike byeenkoms van inwoners gesorg; direk daarna is ons nuwe tuin ingewy met die aanplant van 'n roosboompie. Hier volg net enkele beelde van die feestelikhede – 'n spesiale uitgawe sal later 'n meer volledige oorsig gee.

## VALENTYNSBRAAI


















## 16$^{DE}$ VERJAARDAG / *16$^{TH}$ BIRTHDAY*








## *INAUGURATION of our new GARDEN* / INWYDING van ons nuwe TUIN











# STAY HEALTHY



## BEET SALAD WITH FETA, CUCUMBERS, AND DILL

### INGREDIENTS:

- 4 medium beets, cooked and sliced
- 1 large cucumber, thinly sliced
- ½ cup crumbled feta cheese
- 2 tablespoons fresh dill, chopped
- 1 tablespoon red wine vinegar or lemon juice
- 2 tablespoons olive oil
- Salt and freshly cracked pepper, to taste
- Optional: 1 teaspoon honey or maple syrup

### INSTRUCTIONS:

- Prep the Beets: Roast or steam beets until tender, cool, peel, and slice.
- Slice the Cucumber thinly using a mandoline or knife.
- Make the Dressing: Whisk olive oil, vinegar/lemon juice, salt, pepper, and optional honey/syrup.
- Combine beets, cucumber, and dill in a bowl, drizzle with dressing, and toss gently.
- Add crumbled feta on top, toss lightly or use as a garnish.
- Serve immediately or chill for 1-2 hours before serving.

## Vitamin C boosting Fruit and Vegetable

### Fruits:

- **Plums**
- **Cherries**
- **Guava**
- **Kiwi**
- **Strawberries and Blackcurrants**
- **Papaya**
- **Oranges, Grapefruit and Lemons**

### Vegetables:

- **Yellow Bell Pepper**
- **Red Bell Pepper**
- **Broccoli**
- **Brussel sprout & Kale**
- **Chilli Pepper**
- **Garlic**
- **Ginger**

DR. ESTER DU RAAN
General Practioner
Glen Village Centre, Van Heerden Pharmacy
Cnr Solomon Mahlangu & Olympus Rd
Faerie Glen
082 463 6415
esterdrpractice@gmail.com

